**Pre-e-toria Geselsbrief** **November 2003**

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Eerstens wil ek u vertel van die eerste lesing van my eerste dag op Universiteit. [Bsc Huishoudkunde Unv. Van Pretoria]. Dit was 'n Fisika lesing aangebied deur prof. Prinsloo. Hy het 'n transparant met 'n klomp lyne op die skerm vertoon en ons het almal saamgestem dat dit ewewydige lyne is. Toe hy dit egter begin meet het ons gesien dat die lyne definitief nie ewewydig in nie. Die les onthou ek tot vandag toe nog.........moet nie alles glo wat jy sien of hoor nie, soek na die bewyse!!!!!

In die geskiedenis is dit so maklik om meer [of soms minder] te lees as wat daar werklik geskryf staan en so die verkeerde afleidings te maak. Veral as die bronne nie genoem word nie.

**Eerste opmeting van Pretoria**

Die herinneringe van Senator Gert du Toit is deur Gustav Preller opgeneem in sy boek "Ou-Pretoria". Daarin vertel Gert hoe hy as twaalfjarige seun sy vader gehelp het met die opmeet van Pretoria.

Baie skrywers het daaruit die afleiding gemaak dat du Toit die eerste opmeting van Pretoria gedoen het. Na deeglike navorsing vir sy boek "*Pretoria van Kerkplaas tot Regeringstelsel*" het H.M. Rex egter bewys dat dat die eerste oorspronklike opmeting gemaak is deur die Devereux broers, William Skinner en Jan Visagie. [p. 60]

Die eerste opmeting was seker nie baie professioneel gedoen nie, want Du Toit skyf in 1857 in 'n brief : "De groote Markstraat [vandag Paul Krugerstraat] was regt en al de res ver uit de hoek gezwaaid door het verskuiven van de kerk"

Ek wonder wat word bedoel met "verskuiven van de kerk". Volgens Rex [p54] het die bouwerksaamheid van die kerk teen ongeveer die helfte van 1854 begin. Een of ander vertraging was egter die oorsaak dat die kerkgebou eers teen die einde van 1856 voltooi is. Was die kerk miskien gedeeltelik gebou en toe afgebreek en effe verskuif ?

**Eerste Kaart van Pretoria**

Kort daarna het Du Toit ook 'n kaart van Pretoria geteken. Dit word deur meeste skrywers as die eerste kaart van Pretoria beskryf. Dit is nie die eerste kaart van Pretoria nie maar wel die **oudste bestaande kaart** van Pretoria. Die eerste kaart is opgetrek deur die Devereux broers in die huis van Pres. Pretorius op Kalkheuvel. Die kaart is egter nooit opgespoor nie en het heel moontlik verlore gegaan.

Is daar nie miskien iemand wat meer inligting oor die Devereux broers kan verskaf nie??? Hulle was Lionel Devereux wat vroeg oorlede is en Louis Edward Devereux wat in 1885 oorlede is en in dieselfde graf as William Skinner begrawe is. Die twee broers het in 1850 in Port Natal aangekom en in 1852 of 1853 na Transvaal verhuis.

**Eerste blanke inwoner en woning van Pretoria**

Nog vertellings wat deur Gustav Preller in sy boek opgeneem is, is die van Maria Jacoba Minnaar. Sy het as jong bruid [nog nie 16 nie] saam met haar man, P.C. Minnaar, haar vader, J.G.S. Bronkhorst en haar oom, L.C. [Lucas] Bronkhorst naby die huidige Fonteinedal gebly.

Die volgende genealogiese inligting is verskaf deur Mari Mosterd wat navorsing doen oor die Bronkhorst/Minnaar families.  Sy het ook die stuk uit Preller se boek gestuur.

Maria Jacoba BRONKHORST * Kolonie  10.8.1827 ~ 7.4.1828  + 1917 x Potchefstroom  1842 , Philippus Carel (Swart Flip)  MINNAAR * 29.4.1822 + Welverdiendt 184, 15.5.1897/17.5.1896 (74) (MHG/TAB/12905)

Sy was die dogter van  Johannes Gerhardus Stephanus  BRONKHORST *1.7.1798 ~ 6.1.1799, vanaf Nuweveld, Beaufort-Wes, sluit  by Potgieter se Trek aan + Ohrigstad 25.2.1848  (grafsteen + 29.2.1848)   x Beaufort-Wes 7.1.1821 Anna Susanna MINNAAR ~ 12.4.1800 + 1854 (MHG/TAB/20344)  (Sien SABW IV)

Haar oom Lucas waarna sy verwys is : Lucas Cornelius BRONKHORST ~ 14.6.1795 woon 1840 Elandspoort Pretoria x Graaff-Reinet 15.11.1818 Martha Elizabeth Janse VAN VUUREN
(Mari Mostert)

**OU PRETORIA : GUSTAV PRELLER; UITGEGEE DEUR STADSRAAD EN AFRIKAANSE KULTUURRAAD VAN PRETORIA - 1938**

Die Bronkhorstse het Retief Natal-toe gevolg, en al die tonele van dood en verwoesting, wat hulle dáar gewag het, deurgemaak.  Na 1842, toe die Engelse Natal van hulle afgeneem het, het hulle Drakensberg weer oorgetrek, en 'n tydlang gewoon langs Mooirivier, maar naderhand na Elandspoort getrek.  Toe Potgieter na Ohrigstad trek, het die Bronkhorstse en Minnaars saamgetrek, (1845), en daar het Maria haar vader en ander verwante aan die koors verloor.
Hulle het teruggetrek na Elandspoort toe, waar haar oom Lukas nog gewoon het, en ook die familie van haar man, want hierdie mense het geweier om Potgieter te volg.
'Waar kry ons weer so 'n mooi water,' het hulle dies gevra, wat aangehou het dat hulle ook moes kom, 'en waar kry ons weer sulke goeie grond?'
Hulle had 'n watervoor uitgehaal, en 'n deel van Apiesrivier op hulle landerye in die poort gebring.  Hulle was gelukkig en tevrede.  Die aarde het rykelik voortgebring, en die wêreld rondom het gewemel van die wild.  Die name wat hierdie voorste mense aan hulle plase in die omgewing gegee het, wys dit duidelik aan.
Bronkhorst en die ander was erg bly toe hulle verneem dat Maria en haar weduwee moeder onder die nuwe trekkers was, en dat hulle van plan was om die ou aanleg weer op te neem onderkant Lukas.  Dáar het hulle toe ook gaan woon, in 'n kliphuisie wat Maria haar vader daar neergeset had, onderwyl haar ywerige man aanstonds 'n begin gemaak het met hul eie huis.*
**Toe Maria skrywer hiervan 1n 1915 hierdie een en ander meegedeel het, kon mens die bouval van hulle eerste stewige huisie nog sien staan, bokant waar die Oosterspoorbaan die Apies oorspan.  Dit het gestaan op 'n deel van 'n stuk grond waarvan later die eienaar was Mnr. Christiaan Joubert, destyds Minister van Mynwese van die Suid Afr. Republiek.  Dit was die eerste van klip geboude woonhuis wat Pretoria geken het.  Ongelukkig het die sterke bouval langal verdwyn.*

II
'N VOORTREKKERNOOINTJIE BETRAG PRETORIA
IN 1844

Nee, reggenoeg, - daar was geen Pretoria om negentig jaar gelede te betrag nie; maar, wat daarmee gesê wil wees is slegs hoe Maria Bronkhorst die ongerepte, maagdelike veld aanskou het waarop die Vesting van die Noorde hier tien jaar later verrys het, nadat die mense van die Trekwaens daar aangekom het, om dit hulle tuiste te maak.

Maria Minnaar vertel verder:
'Ds. Lindley, 'n Amerikaanse sendeling wat ons predikant geword het toe ons eie kerk ons nie wou of nie kon help aan 'n predikant nie, het my aangeneem in Pietermaritzburg, in die Voortrekker kerkie; en ou Landdrost Hans Grobler van Potchefstroom, het my met Philip Karel Minnaar, ('Swart Flip') in die huwelik bevestig.  Hy was 'n gesiene man wat 'n vername aandeel geneem het in die gebeurtenisse te Ohrigstad, en later ook van Pretoria, waar hy lid geword het van die Volksraad.  Van sy nasate woon vandag nog in die distrik.  Ons het mekaar in Lydenburg se wêreld ontmoet, en hiervandaan Potchefstroom toe gery, en toe ons besluit het om ook hier te kom woon, na die huwelik, het oom Lukas

nog bo in Elandspoort gestaan, naby die Fonteine. Hy had toe nog nie gebou nie, omdat hy te besig was om die water op sy landerye te kry. My moeder haar kliphuisie, onderkant oom Lukas, was die énigste in die omgewing.

'Gewoonlik het die Voortrekkers, vóordat hulle bou, eers so 'n bietjie rondgekyk, want dikwels ontdek mens anders later 'n verkiesliker woonplek. Op die uitspanning het ons dus eers tent opgeslaan, en die manne het gesorg vir 'n skerm om die vuurmaakplek. Dit het meestentyds bestaan uit 'n ronde werskaf van pale of riet, met klei of gras daarteen, om die wind van die kookplek af te hou. Soms het die skerm ook 'n afdakkie ontvang, teen son en reën.

'As ons dan 'n geskikte bouplek uitgesoek het, - en in die keuse daarvan het ons vroue, begrypelikerwyse heelwat te beduie gehad, - dan het die manne 'n eerste hartbeeshuisie gebou, wat die gedaante aangeneem het van 'n langwerpige vierkant in twee of drie vertrekke verdeel, waarvan soms al die mure ook van pale en klei, dikwels slegs van klei, onder gras dak, maar ook weleens van klip, as mens nie kans gesien het om gou genoeg 'n goeie huis te bou nie. Soms, al na die behoefte, het hulle daar 'n rondawel neergeset, wat dan later 'n buitehuis geword het. Na verloop van 'n jaar of meer, kom die eintlike woonhuis eers totstand, wat ook meestal 'n langwerpige vierkant was, met mure van klip of baksteen.

'Oom Lukas het die geleentheid waargeneem om 'n bietjie graansaad in die grond te kry, sodat toe ons hier aankom sy woning nog maar uit 'n skerm bestaan het.

'Ons het uitgespan langs my moeder haar ou huisie, en omdat die saaityd verby was, het my man somaar 'n begin gemaak met ons eie huis, 'n sterk en gerieflike geboutjie, 'n weinig anderkant dié van my moeder, op Elandspoort.

'Tussen oom Lukas se staanplek en waar ons toe bou, het die Apiesrivier sterk, en op plekke vry diep geloop. Die bron was oop en omring van 'n wilde boskasie van varens en bome.

'Daspoort het toe aan my grootjie behoort, wat daar gewoon het tot die geseënde leeftyd van 95 jaar. Sy lê ook daar begrawe. Net soos Elandspoort en die omliggende plase, was ook Daspoort, toe ons ingetrek het, oordek met 'n verskeidenheid van hoë bome. Dit was destyds 'n boomryke lusoord langs die Apiesrivier, mooi van natuur en geseën met 'n lieflike klimaat en baie water. Daspoort was so eenkant, dat ons daar slegs tepêrd gekom het.

'Maar die rivier en die bult links, in die omgewing waar Burgers park aangelê werd, was tegelyk ook 'n nedersetting gereeld jaggemaak het op die ongedierte. Woensdae en Saterdae was dit leeujag langs die rivier af, wat ruig bewas was met riet en geboomte, en goeie skuiling gebied het aan die ongedierte wat mens iedere nag kon hoor brul.

'Die bulte en vlaktes na die ooste en weste toe was net so ruig begroei met soet- en kameeldoring en ander bome. Die jagpartye langs die Apiesrivier het selde afgeloop sonder dat daar van een tot vyf, en soms meer leeus en hyenas doodgemaak werd.

'Ons plaas het gelê op die regter oever van die rivier, en ingesluit 'n deel van die teenwoordige Sunnyside. Later het veldkornet Andries van der Walt teenoor ons op die linker wal van die rivier gaan woon, op grond wat hy weer aan President Pretorius verkoop het vir die dorp. Dit is heeltemal reg, dat die dorp genoem is na die President se vader, Generaal Andries Pretorius, hoewel die President hoofsaaklik verantwoordelik was vir die aanleg. Elandspoort het eintlik ook van eienaar verwissel, teneinde die dorpsgrond in die rigting uit te brei.

'In dié dae was die middelste gedeelte van die stad, d.w.s. van ou Pretoria, oordek met bome wat ons 'bontveld' genoem het, klompies en groepe bome, met oopplekke tussenin, wat aan die geheel 'n parkagtige voorkome gegee het, waar die wagenbietjie en die wit buffelpeer bloesems in die somer die lug oorlaai het met heerlike geure. Ongelukkig moes die bome weggekap word toe Andries du Toit met die opmeting begin het.

'Elandspoort en die teenwoordige Arcadia het daar min of meer net so uitgesien, met verspreide bos en bome, terwyl die grond langs die rivier dig begroei was, tot bô in die poort. Daar het die rivierwilkers en ander geboomte dig op mekaar gestaan, sodat toe later die pad deur die poort verbeter was, mens onder lanings deurgegaan het, met 'n blaredak wat die hemel soms heeltemal uitgesluit het; en hier en daar gaan die pad deur kristalheldere waterstrome, snelvlietend soms, en dan weer gedam oor veelkleurige keisteentjies, so mooi dat ons daarvan uitgesoek het om in 'n bakkie op die voorkamertafel te set.

'Oral het brame ruig gerank, en die kinders het mandjiesvol daarvan versamel wat in die huis die plek ingeneem het van vrugte, vóordat ons ons eie had. Die wilde appelliefies, die soet blou nastergal, die heerlike sandappeltjie, stamvrugte en die verloklike maar danig sure wilde pruim wat, as dit ryp is amper deurskynend word, het volop teen die rande gegroei. As die bobiane dit nie die eerste bykom nie, het die kinders ook grote hoeveelhede versamel van die meelagtige mispel, en die wilde rank

appelkoos. Ek was in Natal en in die Lydenburgse berge gewees, maar nêrens het ek so 'n rykdom van wilde vrugte gesien as hier.
'Die rivier het sy naam gekry, natuurlik, van die duisende blouapies wat daar in die geboomte langs die rivier gehou het, - ratse diertjies, wat daar langs die toppe van die bome rondgeklouter het langs die rivier, van Daspoort tot in die Fonteine vallei, en grondtoe gekom het slegs op die stilste en veiligste plekke.
'Die rande en berge in die nabyheid het troppe bobiane gehuisves, wie se skorre geskreeu mens heeldag kon hoor as hulle verstoor werd, of saans na mekaar roep. Dikwels was daar 'n hele lawaai in die berge agter ons huis, 'n geskreeu en 'n gebabbel dat dit 'n aard was, en dan wis ons dat die bobiane op 'n slang of ander gedierte afgekom het, wat hulle tog só verfoei het.
'Soos te begrype is, het die lewe hier in die vallei en langs die rivier veral ook sy gevare geken. Mens moes maar heeldag op jou hoede wees daarteen, want die ganse dag en nag het dit aan alkante gedreig. Ons manne moes voortdurend oppas teen 'n menigte natuurlike sowel as menselike vyande. Hulle moes ook in voortdurende voeling bly met mekaar, sodat een die ander kon bystaan in oomblikke van gevaar.
'Ons was verstoke van die meeste gemakke en geriewe waaraan ons in Kaapland gewend geraak het, en dikwels moes ons in tye van siekte beproewings en ongeriewe verdra wat niemand teenswoordig sou denk om te verduur nie. En tog toe die trek eemaal op 'n end was, en ons weer kon saai en plant, en groente kweek, het hierdie eensame, wilde lewe in die Apiesrivier-vallei ons ook sy bekoring nie weerhou nie. Daar was bevrediging in om mens se tuindery van jaar tot jaar te sien toeneem, en die dinge te sien opbring wat ons nodig had; om die vrugtebome te sien opskiet; of, deur eie arbeid of aankoop, van dag tot dag en jaar tot jaar die huiselike geriewe te laat toeneem, wat onder ander omstandighede so onmisbaar geag word.
Spoedig nadat ons huis gereed was, het my man daar 'n degelike bakoond bygebou, sodat ek met betreklike gemak ons eie brood kon bak. Ons het ons eie melkkoeie besit, en dit het nie lank geneem nie voordat ek al die botter gemaak het wat ons vir die huis nodig had, sodat ons ander ook nog kon help, want my man het vir my 'n baie doelmatige karn van boekenhout gemaak. Ons het hier gekom met omtrent 'n halfdosyn pêrde, maar in die somer het verskeie daarvan aan die pêrdesiekte gekrepeer vóordat ons ons rypêrde op stal kon hou, en ry net waar ons wou wees. Ek het my eie sysaal gehad, en kon goed pêrdry; en burebesoek was ons vernaamste ontspanning. Iedereen het daar behae in geskep. Dikwels denk ek dat ons beter bure vir mekaar was, en dat daar ook meer opregte liefde tot mekaar bestaan het; maar dan verseker die kinders my dat ou-mense maar áltoos so denk! In ieder geval het daar geen onverdraagsaamheid bestaan nie; en ons ouers het gemeen dat mens 'n goeie Kristen kon wees sonder om op te hou om gelukkig te wees, sodat ons deelgeneem het aan al die kleine maatskaplike plesiertjies wat die lewe gebied het, vrolike samekomste onder mekaar met sang en dans en vioolbegeleiding, want dit was 'n instrument wat verskeie manne goed kon bespeel.'

En so het die Fourie-trek, net vóor die somer van 1848, 'n aantal mense op die wal van Apiesrivier afgelaai, wat gekom het om hier te woon, en naderhand die kerkplaas gevorm het wat die kerk gebring het en daarna ook die smous en die dorp, om in die volheid van die tyd uit te bloei in die vername stad van vandag.
Bowestaande beskrywing van die allereerste begin daarvan, is ook die eerste aan skrywer bekende woordbeeld van die plek en die mense wat dit gemaak het.
Hulle was nie haastig om die kleine gemeenskap 'n naam te gee nie, en het eers 'n paar name geprobeer, eer hulle 'n twaalftal jare later die naam van Pretoria aangeneem het. In die begin was dit 'n paar boereplasies, wat uitgegroei het tot kerkplaas, waar af en toe ds. Van der Hoff van Potchefstroom dienste gehou, kinders gedoop en die Nagmaal bedien het.
Hierdie dienste het hulle meestal onder bokseile gehou, maar, as die weer mooi is ook wel onder die bome. Oral vandaan uit die omgewing het die mense dan in waens hierheen gekom, en hulle tente onder die doringbome opgeslaan; en die smous het sy verskyning gemaak, want hulle was net so goed op hoogte van so 'n kerkgeleentheid as enige gemeentelid, en het daar hulle besigheid vergeseld laatgaan van 'n sekere mate van vroomheid.
Op hierdie stadium het die plek bekend geword as Pretoriusdorp, want veral die Pretoriusse het hulle daarvoor ingespan, en die dorp is aangelê ter ere van 'n groot Pretorius. Die drie broers van generaal Pretorius het hulle plaas aan die Krokodilrivier die naam gegee van Broederstroom, en dit het ds. Van der Hoff die naam van 'Pretoria Philladelphia' (Pretorius broederskap) in die gedagte gegee.
Maar dit was asof die mense van die plek hulle die grotere bestemming van hul dorp bewus was, terwyl hulle later die mooie naam Pretoria daarvoor gekies het.